

Saterdag 2 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:18
– 2:16

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs
2:10-15

God se wysheid is dwaasheid vir die wêreld

Die evangelie is eenvoudig, geestelik en onopgesmuk: dit is die Seun van God aan 'n kruis. Jy en ek wat so gewoon geraak het aan dié boodskap, moet daarvoor probeer dink soos 'n ongelowige, natuurlike mens: “Geen pa maak tog só met sy kind nie!”

Niemand verstaan dit slegs deur skerp intellek of menslike sintuie nie. Geen menslike argument oortuig jou van die noodsaaklikheid daarvan nie. Dit kom klaar sonder opgesmukke woorde, 'n mooi stem, fyn mikrofoontegniek en vername predikers. Dié woord se krag setel in God. Dit is hemels, geheimenisvol en geestelik. Net die Gees van God maak dit vir jou oop, maak jǒu daarvoor oop en stel jou in staat om die waarde daarvan te beoordeel (2:10-15).

Paulus was self 'n geleerde teoloog. Die kruis van Jesus Christus was vir hom ook dwaasheid, onsin, 'n struikelblok en 'n aanstootlikheid. Totdat die opgestane Gekruisigde self die skille van sy oë laat afval het (Hand. 9).

Wat verwag jy van jou dominee? Gee die eenvoud van jou tuisgemeente en die swakheid van jou ouderling jou aanstoot? Dan moet die krag van Jesus se kruis vandag die wêreldse skille van jou oë afhaal, want: “... wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam ...” (1:27).

Sing: Skrifberyming 8:1, 2

Ds. J Botha (Johan) (Emeritus)